

**Kleuterkerk:  
12 Mei 2019  
Die sleutel in my hand!  
Handelinge 9: 36-34**

Deel van die sukses van Kleuterkerk is die veiligheid van roetine vir die kleintjies. Veral as die leidsters elke week wissel. Die veiligheid lê vir hul dan in die bekendheid van die roetine. Daarom hou ons elke Sondag dieselfde aankoms aktiwiteite naamlik: vryspel stasies.

Daar is drie kiste met speelgoed in naamlik klei kis, Lego's kis en legkaart kis. Die Lego kan op die mat uitgegooi word en die Klei en drukkertjies en die Legkaarte word by die tafeltjies gespeel.

Vir kleuters is hulle name ook baie belangrik. Sorg dat die skoenboks met die naamkaartjies voor by die deur is. Daar is vir elke kind naamkaartjie met hulle ouers se selfoonnommers op. Speld of knip dit vir elke kind vas soos hy of sy kom en merk ook hulle name op die register af.

**Vorbereiding:**

- † Kaarte/prente van pasmaats
- † Verskillende sleutels en slotte
- † Afskrifte van boekmerke soos aan einde van les voorsien.

**Uitpak & Vryspel**

Sorg dat jy 20 minute voor die tyd daar is en pak die drie stasies vir vryspel uit. Sorg ook dat die skoenboks met die name en die bywoning register en pen gereed is. Laat die ouers die kind se naam op die register skryf.

Ontvang die kinders by die deur, speld hulle naamkaartjies aan en lei hulle na die stasies toe vir vryspel.

**Regmaak & Draailoop**

Laat die kinders die stasies waar hulle tans speel oppak, en neem die kinders wat wil, om draaitjie te gaan maak in die badkamer.

Laat die kleuters op die mat gaan sit. Jy as leidster kan op stoeltjie voor hulle gaan sit. Om seker te maak almal bly stil, laat hulle kruisbene sit met hulle handjies in hulle mandjies (in hul skote).

**Die volgende roetine word voor gestel:**

- ✦ Bywoningsregister  
Om vir die kleuters erkenning te gee dat hulle gekom het, kan hulle plakkertjie plak op die betrokke plek op die bywoning trein.(voorsien) LW dis nie trein met datums op wat vir jou sal uitwys watter Sondag jy nie daar was nie. Dis doodeenvoudig net trein met trokke waarop die kinders se name staan en hulle geleentheid kan kry om plakker (voorsien) te plak in sy/haar trokkie waarop hul name aangebring is.
- ✦ Verjaarsdag gelukwensing (sing en ontvang kroon met ballon)  
Indien iemand verjaar het gedurende die week of vakansie, sing almal vir hom/haar "Geluk liewe maatjie" en hy/sy ontvang verjaarsdag kroon (voorsien) en ballon(voorsien)
- ✦ Kollekte-Een van die maatjies neem die geld op in mandjie
- ✦ Hersieningsmoment  
Vra die kinders uit oor wat hulle van die vorige Sondag se kleuterkerkles kan onthou.

**Bidtyd:** Openingsgebed

Vra een van die kinders om te open met gebed.

**Geselstyd: Speletjie: Pasmaats.**

*Gebruik enige pasmaat kaarte of knip verskillende prente uit wat by mekaar pas, soos 'n baba olifant en 'n groot olifant, 'n boot en water, eiers en 'n hen, tandepasta en tandeborsels.*

*Skommel al die prente. Vra die kinders om die prente wat by mekaar pas, saam te sit. Probeer gerus ook paar prente insit wat by niks pas nie, net om te kyk hoe opletend die kinders is.*

Alles in die lewe is gemaak om by iets te pas. Ons leer ook van kleins af wat saam met mekaar gaan en wat nie. So weet ons mos as ons skool toe gaan, kan ons nie met ons nagklere/pajamas gaan nie, maar moet ons 'n skool uniform aantrek. Ons kan ook nie na 'n swembad toe gaan met 'n jas en stewels nie. Mens kan ook nie iets in die winkel neem en nie daarvoor betaal nie. In alles wat ons doen, is daar dinge wat saam gaan, by mekaar pas en wat saam hoort.

Waarby dink julle sal 'n sleutel pas? By 'n slot natuurlik. Maar het julle al gesien dat sleutels almal verskillend lyk? Jy kan nie met enige sleutel sommer die voordeur van die huis oopsluit nie. Net so kan jy ook nie met enige sleutel die motor aanskakel nie. Elke sleutel is gemaak om mooi in sy eie slot te pas, en sonder die regte sleutel sal jy nooit die slot kan oopkry nie. Kom ons kyk of julle kan raai watter soort sleutels die volgende is: *Hou 'n paar sleutels voor, bv.:*

- motor sleutel,*
- huis sleutel,*
- veiligheidshek sleutel,*
- slot sleutel.*

Indien moontlik, bring 'n paar verskillende slotte saam en laat kinders uittoets watter sleutel in watter slot gaan.

Net soos sekere sleutels net in sekere slotte ingaan, net so is daar sekere dinge wat net op seker tye gebeur. Kyk maar byvoorbeeld die seisoene. Lemoene groei nie hele jaar lank nie, maar ons kry altyd heerlike lemoene in die winter, want Jesus het lemoene propvol vitamien C gemaak, en in die winter het ons vitamien C nodig om ons gesond te hou en verkoue kieme weg te hou. Watter ander vrugte of groente kry ons net in sekere seisoene van die jaar?

God het alles gemaak om in 'n bepaalde tyd en plek te pas. En wanneer dit die regte tyd en plek is, werk alles mooi saam, ander sukkel dit maar.

### **Singtyd:**

(Die liedere is net voorstelle, indien iets anders meer bekend is kan dit ook gesing word.)

Hierdie liedere is slegs voorstelle. Sing gerus iets wat meer bekend is.

### **Liedboek 549**

Daar's vissies in die water  
Kyk hoe swem hul rond  
Daar's voëltjies in die lug  
En daar's diere op die grond  
Daar's blomme in die velde  
Daar's riete in die vlei  
Wie sou dit als gemaak het  
Die Here ja dis Hy.

### **Bybeltyd:**

In die Bybel, in die nuwe Testament, lees ons dat Jesus aarde toe gekom het om God se plan uit te leef. Sy plan was om almal te wys hoe lief Hy ons het. Daarom het Jesus in die plek van alle mense se sonde dood gegaan aan die kruis om ons sonde weg te was, sodat ons nie verlore kan gaan nie.

Nadat Jesus aan die kruis dood was, het Hy ook weer opgestaan en die dood oorwin en het Hy opgevaar na die hemel om vir ons plek te gaan regmaak sodat ons vir ewig by God kan bly. Voor Jesus opgevaar het, het hy aan sy dissipels die opdrag gegee om vir almal te vertel van God se liefde, sodat mense tot bekering kan kom, vir Jesus in hul harte kan innooi en vir altyd by God kan gaan lewe.

Baie mense het gehoor van Jesus se groot liefde vir almal en het tot bekering gekom. Sy dissipels het oral vir almal vertel van Hom. Die Heilige Gees het hulle elke dag geleer en gelei om mense na Jesus toe te bring sodat hulle ook gered kan word. Soms het God ook deur die dissipels wonderwerke gedoen en mense gesond gemaak, want dit was maniere hoe God ook Sy liefde vir mense gewys het.

Dit was nie die dissipels en bekeerlinge wat so oulik was om self wonderwerke te doen nie, maar die Heilige Gees wat hulle gelei het om dit te doen en so vir mense te wys dat God regtig omgee.

Petrus, een van Jesus se dissipels was juis besig om vir mense van God te leer, toe vriende hom kom haal het om te kom kyk, want 'n vrou in die buurdorp is dood, en sy was baie goed vir almal om haar. Maar kom ons lees die verhaal in die Bybel.

*Lees vir die kinders die verhaal voor uit **Handelinge 9: 36-43***

Waarom dink julle het Tabita weer lewend geword? Was dit omdat Petrus so oulik was en in God geglo het? Nee. God het hierdie spesiale ontmoeting self beplan. Die mense om hulle in Joppe, wou glo maar van hulle was nog so bietjie onseker oor of God ook vir hulle lief is. Tabita wat hulle baie van God geleer het en wat altyd

goedgehoed het vir almal, was ewe skielik nie meer daar nie. Petrus het gebid en die Heilige Gees het vir hom gesê om vir Tabita te sê sy moet opstaan en lewe. Die wonderwerk het gebeur omdat dit 'n manier was hoe God vir die mense in Joppe gewys het dat Hy baie lief is vir hulle en dat Jesus ook vir hulle sonde doodgegaan het.

Die wonderwerk was soos 'n sleutel wat die slot na die harte van mense oopgesluit het. Ek en jy ken die boodskap van die Bybel. Ons weet dat Jesus dood gegaan het in ons plek, maar Hy lewe weer en Hy gaan ons kom haal om vir altyd by God te wees. Die goeie nuus is soos 'n sleutel in ons hand. Ons moet altyd vir almal van Jesus se liefde vertel, want deurdat ons vir ander vertel, kan Jesus met die sleutel van die evangelie, ander se harte ook oopsluit om van Hom te leer en Sy liefde ook te ervaar.

### **Doentyd & Leertyd:**

#### **Maak Boekmerke:**

Laat die kinders karton versier met 'n kruis en 'n hartjie. Die kruis en hartjie herinner ons daaraan dat Jesus se liefde vir ons so groot was, dat Hy in ons plek doodgegaan het aan die kruis. Dit is die evangelie wat ons vir ander moet vertel. En dit is soos 'n sleutel in ons hand. Deel hierdie sleutel met almal om jou.

### **Afsluitings gebed**

Dankie Jesus dat U ek U mag ken. Help my om ook die goeie nuus van U liefde met ander te deel.

Amen.

